

26 Augustus

Skrifgedeelte: Handeling 4:1-31  
Fokusgedeelte: Handeling 4:19-20

## Volharding ondanks teëstand

Deur God se genade en in reaksie op die wonderwerk het die getal gelowiges gegroei tot ongeveer 5 000. Van die kant van die Joodse kerkleiers kom daar egter 'n negatiewe reaksie. Petrus en Johannes word gevange geneem en die Joodse Raad vergader inderhaas om te besin oor hoe om hulle "*belange*" te beskerm. Net soos Jesus Christus vroeër, het die apostels ook nou begin om vir hulle 'n bedreiging in te hou. Dit is 'n hartseer feit: Nog eens maak eiebelang hulle blind vir God se duidelike openbaring in hulle midde.

Die apostel Petrus het hom met groot vrymoedigheid deur die krag van die Heilige Gees verantwoord voor hierdie vyandige gehoor. Hulle verbod en dreigemente om die apostels tot stilswye te dwing is beantwoord met 'n kragvolle vasberadenheid om God meer gehoorsaam te wees as mense. Wanneer hulle uiteindelik vrygelaat word, bid hulle saam met ander gelowiges dat die Here hulle krag sal gee om met volle vrymoedigheid te kan voortgaan om sy Woord te verkondig.

Mag die Here ons bewaar dat eie belang ons nie blind maak vir die groot gebeure van die koms van sy koninkryk nie. Mag die Here ons die krag verleen om te volhard om met volle vrymoedigheid sy Woord te verkondig, selfs as die negatiewiteit in die wêreld begin toeneem.

Sing: Psalm 31:6, 11

Ds IW Ferreira (Rietvallei)